

**Maandag 22 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:25-40**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:35 (AFR83)**

**Ongetroud – 'n voordeel vir diensbaarheid**

Die Korintiërs wou blykbaar ook by die apostel Paulus hoor wat volgens sy mening beter is: om te trou of om ongetroud te wees? Oor dié saak is Paulus nogal versigtig. Hy sê: *“Wat die ongetroudes betref, het ek geen bevel van die Here nie, maar ek gee **my eie mening** as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is.”*

Hy verduidelik dan verder dat hy bekommerd is oor die getroudes, omdat hy glo dat hulle, as gevolg van verdeelde aandag, swaar sal kry in die eindtyd (vgl. vs 29-31). Paulus is oortuig dat die ongetroudes beter af sal wees as hulle in staat is om ongetroud te bly, want sodoende kan hulle in onverdeelde toewyding aan die Here lewe. Hy sê in vers 37: *“As iemand in sy eie gemoed oortuig is dat hy nie moet trou nie, en hy nie onder dwang verkeer nie, maar volle beheer oor sy eie wil het, en hy by homself besluit het om nie te trou nie, doen hy 'n goeie ding.”*

Sowel weduwees as ongetroudes het dus volgens Paulus 'n voordeel met betrekking tot diensbaarheid. Tog raai hy nie mense af om te trou nie. In vers 38 sê hy: *“Dus, hy wat met sy verloofde trou, doen goed. Wie egter nie trou nie, doen beter.”*

Die hoofsaak volgens Paulus is om *“... in eerbaarheid te lewe en in onverdeelde toewyding aan die Here”*. Die huwelik sluit dus nie diensbaarheid uit nie, maar getroudes het 'n groter verantwoordelikheid om in toewyding aan die Here en aan mekaar te lewe. Uiteraard kan 'n mens dit slegs regkry as jy in Christus en onder die kragtige leiding van die Heilige Gees lewe.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 3*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (emeritus)*